

16 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 21:33-44**  
**Fokusgedeelte: Matteus 21:33-44**

### **Die evangelie van God se liefde**

Die praktyk van 'n grondbesitter om sy grond uit te huur, was in die tyd van Jesus algemeen bekend. Hierdie grondbesitter doen self ál die vooraf-werk. Hy belê 'n groot hoeveelheid geld, tyd en energie om die wingerd self te plant, te sorg dat dit beskerm word deur 'n klipmuur en 'n wagtoring – en in afwagting op die vrug, bou hy ook 'n parskuip.

In hierdie gelykenis is die grondbesitter God – en die toehoorders sou dit beseef het, want Jesaja 5 (waar ons ook lees van die HERE wat 'n wingerd geplant het) was aan die luisteraars bekend. Deur die aandag te vestig op alles wat die grondbesitter gedoen het voordat hy vertrek het, het Jesus klem gelê op die liefde, barmhartigheid en genade van God wat alles vir sy volk gee. Die godsdiens wat Jesus op aarde aangetref het, was 'n liefdelose godsdiens. Dit was selfsugtig en egosentriek, alles gebou rondom wat die mens uit hulle diens kon verkry. God het egter liefde gevra. Liefde is die vrug wat die Besitter by die boere wou kom haal. Hy wou dat daardie vrug uitgedeel moet word aan hulle wat dit die nodigste het, die armes, die siekes, die sondaars. Dit het die mense egter nie gedoen nie.

Vandag? Die koninkryk van God – die evangelie van God se liefde – is nou aan die kerk, aan ons, toevertrou. In hoe 'n mate deel ons die evangelie mee aan mense wat koud en onvergenoeg is? In hoe 'n mate is ons geneig om die evangelie vir onself te hou? Die Here vra nie van ons meer as wat ons kan gee nie. Hy vra dat ons sy vrug, die vrug van sy wingerd wat Hy in Christus toeberei het, sal deel en uitdeel sodat sy wingerd kan groei en sterk word.

Sing: Psalm 48:1, 2 (Totius)

Dr. D Lartz (Edenvale)